education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**REKENINGKUNDE**

**STANDAARDGRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**401-2/0A**

REKENINGKUNDE SG
Vraestel & Antwoordeboek

401 2 0A SG

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n antwoordeboek.**

X25

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

**HIERDIE BLADSY MOET BLANKO BLY**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.
4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.
5. Kandidate sal punte verbeur vir:

   5.1 Gebruik van niegestandaardiseerde afkortings

   5.2 Oormekaarskryf van syfers

   5.3 Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
7. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDGIDS (MINUTE) |
|---|---|---|---|
| 1. | Beslote korporasie | 46 | 28 |
| 2. | Bankversoeningstaat | 40 | 24 |
| 3. | Klub | 39 | 23 |
| 4. | Begroting | 48 | 29 |
| 5. | Maatskappy | 53 | 32 |
| 6. | Vennootskap | 74 | 44 |
| | | **300 punte** | **180 minute** |

## VRAAG 1

**BESLOTE KORPORASIE** **(46 punte; 28 minute)**

Die inligting is geneem uit die boeke van CB Winkels BK met Clive Dunn en Brenda Dunn as lede. Die besigheid gebruik die **deurlopende voorraadstelsel met kontrolerekeninge**. 'n Winsopslag van 25% op kosprys word gebruik.

**OPDRAG:**

1.1 Ontleed die transaksies volgens die onderstaande kolomme: (36)

Byvoorbeeld: Betaal water en elektrisiteit per tjek, R400.

| Nr. | Joernaal | Algemene Grootboek | | Bedrag R |
|---|---|---|---|---|
| | | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer | |
| bv. | Kontantbetalingsjoernaal | Water en elektrisiteit | Bank | 400 |

1.1.1 Ontvang 'n tjek van Clive, R50 000, as sy kapitaalbydrae.

1.1.2 Clive het sy bydrae vermeerder deur 'n voertuig ter waarde van R90 000 aan die besigheid te gee.

1.1.3 Reik 'n tjek uit aan Brenda vir R20 000 om haar ledebydrae in die besigheid te verminder.

1.1.4 Belas Brenda met R600 se rente op 'n lening aan haar toegestaan. Die rente moet teen die leningsrekening belas word (m.a.w. kapitaliseer dit).

1.1.5 Inkomstebelasting vir die jaar word bereken op R44 560.

1.1.6 Die lede het besluit om R72 000 van die netto wins tussen hulle te verdeel.

1.2 Toon die effek van die onderstaande inskrywings op die rekeningkundige vergelyking. Die +-teken is vir 'n vermeerdering, die – teken is vir 'n vermindering en 'n 0 is vir geen effek.

**Aanvaar dat die Banksaldo te alle tye gunstig is.** (10)

Byvoorbeeld:

| Nr. | Algemene Grootboek | | Bedrag | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Rekening gedebiteer** | **Rekening gekrediteer** | **R** | | | |
| bv. | Water en elektrisiteit | Bank | 400 | – | – | 0 |

| Nr. | Algemene Grootboek | | Bedrag | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Rekening gedebiteer** | **Rekening gekrediteer** | **R** | | | |
| 1.2.1 | Korting toegestaan | Debiteurekontrole | 20 | | | |
| 1.2.2 | Handelsvoorraad | Krediteurekontrole | 6 200 | | | |
| 1.2.3 | Toerusting | Ledebydrae | 27 000 | | | |
| 1.2.4 | Salaris aan lid | Bank | 10 000 | | | |
| 1.2.5 | Krediteurekontrole | Bank | 4 000 | | | |

**46**

## VRAAG 2

**BANKVERSOENINGSTAAT** **(40 punte; 24 minute)**

Die onderstaande inligting is verkry uit die boeke van Cabanga Winkels. Die besigheid het 'n tjekrekening by Admo Bank.

**OPDRAG:**

2.1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Junie 2006. Tel slegs die bankkolomme in die Kontantjoernale op. (26)

2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2006 op. (14)

**INLIGTING:**

**1. Voorlopige totale in die Kontantjoernale vir Junie 2006:**

| | KOJ | KBJ |
|---|---|---|
| Bank | 34 685 | 28 760 |
| Diverse rekeninge | 34 685 | 28 760 |

**2. Die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2006 het die volgende getoon:**

| | | |
|---|---|---|
| Voordelige saldo volgens Bankstaat | | 4 670 |
| Uitstaande deposito | | 5 800 |
| Uitstaande tjeks | | |
| | Nr. 235 | 1 400 |
| | 248 | 1 000 |
| | 334 | 1 930 |
| Voordelige saldo volgens Bankrekening | | 6 140 |

**3. 'n Vergelyking van die Bankversoeningstaat vir Mei 2006 met die Bankstaat vir Junie 2006 het die volgende getoon:**

- Die uitstaande deposito van R5 800 is deur die bank gekrediteer.
- Tjeknommer 235 vir R1 400 is deur die bank betaal.
- Tjeknommer 248 vir R1 000 is as 'n donasie aan Mnandi Sosiale Klub, wat sedertdien ontbind is, uitgereik. Die tjek moet gekanselleer word.
- Tjeknommer 334 vir R1 930 is steeds uitstaande.

**4. 'n Vergelyking van die Bankstaat vir Junie 2006 met die Kontantjoernale vir Junie 2006 het die volgende verskille getoon:**

1. 'n Huurder, S. Burn, het sy huurgeld vir Junie, R1 200, direk in die bankrekening gedeponeer.

2. Daar verskyn twee aftrekorders op die Bankstaat:
    - R540 ten gunste van Phola Versekeraars vir die versekering van die afleweringsvoertuig
    - R2 000 ten gunste van Security Bank vir die maandelikse terugbetaling van 'n lening.

3. Die volgende tjeks is nog nie by die bank aangebied vir betaling nie:
    - Nr. 412: R590
    - Nr. 440: R3 200
    - Nr. 451: R600

4. 'n Deposito van R8 340, wat op 30 Junie gedeponeer is, verskyn nie op die Bankstaat nie.

5. Die Bankstaat toon die volgende items:
    - Diensgeld: R109
    - Kontanthanteringsfooi: R221
    - Rente op voordelige banksaldo: R15

6. Die Bankstaat het 'n gunstige saldo van R9 390 aan die einde van die maand getoon.

**40**

## VRAAG 3

**KLUB** **(39 punte; 23 minute)**

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Hi-Voltage Atletiekklub. Die rekeningkundige periode eindig jaarliks op 31 Desember.

**OPDRAG:**

Voltooi die volgende Grootboekrekeninge vir die jaar geëindig 31 Desember 2005:

3.1 Ledegeldrekening (19)

3.2 Sweetpakke-rekening
(Hierdie rekening moet alle inligting vir die jaar toon ten opsigte van sweetpakke, insluitende die wins/verlies op die verkope van die sweetpakke.) (14)

3.3 Beantwoord die volgende vraag:
Baie lede hou nie daarvan om die sweetpakke wat by die klub verkoop word, te koop nie en verkies om dit van 'n ander plek te koop. Gee DRIE moontlike redes waarom hierdie lede dit sou verkies om dit op 'n ander plek te koop. (6)

**INLIGTING:**

**1. Uittreksel uit die Balansstaat op 31 Desember 2004:**

| | |
|---|---|
| Opgelope inkomste/Inkomste ontvangbaar (Ledegeld) | R 5 000 |
| Vooruitontvange inkomste/Uitgestelde inkomste (Ledegeld) | 3 000 |
| Sweetpakke voorhande | 3 180 |

**2. Ledegeld:**

- Die jaarlikse ledegeld beloop R250 per lid.
- Op 31 Desember 2004 was daar 150 lede.
- Gedurende 2005 sluit 40 nuwe lede by die klub aan.
- 16 lede het hulle uitstaande ledegeld vir 2004 betaal. Enige ander uitstaande ledegeld vir 2004 moet as oninbaar afgeskryf word.
- 35 lede se ledegeld vir 2005 was uitstaande.
- Gedurende die jaar het 15 lede hulle ledegeld vir 2006 vooruitbetaal.

**3. Sweetpakke:**

- Sweetpakke gedurende die jaar aangekoop:
  - Kontant - R4 260
  - Krediet - R3 170
- Sweetpakke gedurende die jaar verkoop:
  - Kontant - R6 420
  - Krediet - R2 950
- Sweetpakke voorhande op 31 Desember 2005 beloop R4 880.

**39**

## VRAAG 4

**BEGROTING** **(48 punte; 29 minute)**

Die onderstaande inligting is uit die boeke van Worldnet Rekenaars geneem:

**OPDRAG:**

4.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir die tydperk 1 Oktober 2006 tot 30 November 2006. (14)

4.2 Kontantbegroting vir die tydperk 1 Oktober 2006 tot 30 November 2006. (28)

4.3 Die vaste deposito by AS Bank verval op 30 November 2006. Die bestuur is onseker oor hoe om hierdie fondse ten beste te benut. Verskaf TWEE opsies vir hulle behalwe om dit in die lopende bankrekening te hou. (6)

**INLIGTING:**

1. Werklike en begrote inligting:

| | **Werklike** | | **Begrote** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Augustus R** | **September R** | **Oktober R** | **November R** |
| Totale verkope | R247 000 | R250 000 | R266 000 | R290 000 |
| Kontantaankope | 66 000 | 57 000 | 72 000 | 81 000 |
| Kredietaankope | 154 000 | 133 000 | 168 000 | 189 000 |

2. Die helfte van die maandelikse verkope is kontant.
3. Debiteure betaal hulle rekeninge soos volg:
   - 60% na 30 dae (d.w.s. in die maand wat op die verkooptransaksie-maand volg)
   - 38% na 60 dae (d.w.s. twee maande wat op die verkooptransaksie-maand volg)
   - 2% as oninbare skuld
4. Krediteure word betaal in die maand na aankope om voordeel te trek uit die 10%-korting wat aangebied word.
5. Die huurgeld van R1 800 is maandeliks ontvangbaar en sal met 10% op 1 November verhoog word.
6. 'n Advertensieveldtog vir 'n nuwe reeks sagteware word vir Oktober 2006 beplan. R2 000 sal in Oktober betaal word en R1 500 in November 2006.
7. Die vaste deposito van R20 000 by AS Bank verval op 30 November 2006.
8. Nuwe toerusting van R62 000 sal in Oktober 2006 kontant aangekoop word.
9. Bedryfsuitgawes beloop R42 000 vir die jaar en word eweredig verdeel gedurende die jaar.
10. Op 30 September 2006 is die bankrekening met R3 300 oortrokke.

**48**

# VRAAG 5

**MAATSKAPPY** **(53 punte; 32 minute)**

Thuthukani Beperk het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 300 000 gewone aandele.

**OPDRAG:**

5.1 Stel 'n Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 op. (46)
5.2 Stel die Behoue-inkomste nota tot die finansiële state op. (7)

**INLIGTING:**

**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2006**

| **Balansstaat-rekeninge-afdeling** | **Debiet R** | **Krediet R** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (R2 elk) | | 400 000 |
| Behoue inkomste | | 43 000 |
| Lening: DBA Bank (13%) | | 102 000 |
| Grond en geboue | 385 000 | |
| Voertuie | 240 000 | |
| Toerusting | 70 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 88 200 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 25 800 |
| Handelsvoorraad | 29 570 | |
| Vaste deposito: Finders Bank | 30 000 | |
| Debiteurekontrole | 73 190 | |
| Kredieurekontrole | | 66 600 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 2 400 |
| Bank | 5 000 | |
| | | |
| **Nominale-rekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | | 922 500 |
| Koste van verkope | 560 000 | |
| Debiteure-afslag | 12 300 | |
| Salarisse en lone | 112 000 | |
| Ouditgelde | 8 000 | |
| Direkteursgelde | 38 700 | |
| Oninbare skulde | 1 230 | |
| Huurinkomste | | 12 420 |
| Rente op bankoortrekking | 480 | |
| Pensioenfondsbydraes | 11 760 | |
| Mediesefondsbydraes | 9 500 | |
| Rente op vaste deposito | | 3 850 |
| Rente op lening | 9 945 | |
| Dividende op gewone aandele | 40 000 | |
| Diverse uitgawes | 30 095 | |
| | 1 666 770 | 1 666 770 |

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Die besonderhede in verband met die verdienste van Y. Badluk, 'n werknemer, is foutiewelik uit die Salarisjoernaal gelaat. Hy is nog nie betaal nie. Hy verdien 'n bruto salaris van R2 000. Die volgende aftrekkings is van sy salaris gemaak:

   - LBS - 22%
   - Pensioenfonds - R350
   - Mediese fonds - R160

   Die besigheid se bydrae tot die pensioenfonds geskied op 'n rand-vir-rand-basis en 'n vaste bedrag van R250 per werknemer tot die mediese fonds.

2. 'n Debiteur, M. Lebo, wat die onderneming R1 700 skuld, word insolvent verklaar. Die besigheid het 30 sent in die rand van haar boedel ontvang en dit is behoorlik geboekstaaf. Die balans moet nog as oninbaar afgeskryf word.

3. Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van die uitstaande debiteure aangesuiwer word.

4. 'n Kantoor word sedert 1 April 2005 aan Fin-House Konsultante verhuur. Die besigheid ontvang 'n maandelikse huur van R1 380 van hulle.

5. Rente van R350 op die vaste deposito is uitstaande en nog nie ontvang nie.

6. Volgens die leningsooreenkoms is rente op die lening kwartaalliks in vier gelyke bedrae betaalbaar. Die rente vir die laaste kwartaal, geëindig 28 Februarie 2006, is nog nie betaal nie.

7. Waardevermindering op voertuie moet teen 20% p.j. op die kosprys en op toerusting teen 15% p.j. op die drawaarde bereken word.

8. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R28 235.

9. 'n Finale dividend van 5 sent per aandeel is verklaar.

**53**

## VRAAG 6

**VENNOOTSKAP** **(74 punte; 44 minute)**

Die inligting is geneem uit die boeke van Kings Handelaars. Die onderneming behoort aan vennote R. Wilkins en D. Watkins.

**OPDRAG:**

6.1 Stel die Balansstaat van Kings Handelaars op 28 Februarie 2006 op. (Waar notas NIE vereis word nie, toon berekeninge tussen hakies.) (25)

6.2 Stel die volgende notas tot die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 op:

- Vaste bates
- Handels- en ander ontvangbare bedrae (debiteure)
- Kontant en kontantekwivalente
- Privaatrekeninge

**(Neem kennis dat sommige van die besonderhede alreeds in jou antwoordeboek ingevul is.)** (49)

**INLIGTING:**

**LYS VAN SALDO'S OP 1 MAART 2005:**

| | | |
|---|---|---|
| Kapitaalrekening: R. Wilkins | | R 156 000 |
| Kapitaalrekening: D. Watkins | | 109 200 |
| Privaatrekening: R. Wilkins | Kt | 12 300 |
| Privaatrekening: D. Watkins | Dt | 8 200 |
| Voertuie | | 232 000 |
| Toerusting | | 64 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 113 210 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 25 600 |

**LYS VAN SALDO'S OP 28 FEBRUARIE 2006:**

| | | |
|---|---|---|
| Vaste deposito: Natfin Bank (16% p.j.) | | R 100 000 |
| Handelsvoorraad | | 40 460 |
| Verbruiksgoedere voorhande | | 1 600 |
| Debiteurekontrole | | 34 200 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 1 710 |
| Krediteurekontrole | | 43 060 |
| Bank | Dt | 12 200 |
| Spaarrekening: Smart Bank | | 44 300 |
| Opgelope inkomste/Inkomste ontvangbaar | | 1 200 |
| Vooruitontvange inkomste/Uitgestelde inkomste | | 800 |
| Opgelope uitgawes | | 1 690 |
| Vooruitbetaalde utgawes | | 3 060 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Een van die vaste deposito's by Natfin Bank, vir R30 000, verval op 31 Mei 2006.

2. Die netto wins is soos volg tussen die lede verdeel:

| | R. Wilkins | D. Watkins |
|---|---|---|
| Jaarlikse salarisse | 102 000 | 81 000 |
| Rente op kapitaal | 35 000 | 24 500 |
| Oorblywende wins | 9 000 | 18 000 |

3. Die vennote se onttrekkings vir die jaar beloop:

   R. Wilkins – R150 000; D. Watkins – R110 000

4. Daar was geen kapitaalverandering gedurende die jaar nie.

5. Die voertuig is op 28 Februarie 2006 vir kontant verkoop en is behoorlik geboekstaaf:
   - Kosprys R112 000
   - Opgehoopte waardevermindering (28 Februarie 2006) 71 450
   - Drawaarde 40 550
   - Verkoopsprys 45 000

6. Toerusting ter waarde van R20 000 is op 28 Februarie 2006 op krediet by Bafokeng Staal aangekoop en is behoorlik geboekstaaf.

7. Die waardevermindering vir die jaar:
   Op voertuie R34 800
   Op toerusting 12 800

**74**

**TOTAAL: 300**

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

# REKENINGKUNDE STANDAARDGRAAD

***SPESIALE ANTWOORDEBOEK***

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 14 bladsye.**

| VRAAG | PUNTE | PARAFEER | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| TOTAAL | | | |

X25

Kopiereg voorbehou

**HIERDIE BLADSY MOET BLANKO GELOS WORD**

## VRAAG 1

**1.1**

| NR. | JOERNAAL | ALGEMENE GROOTBOEK | | BEDRAG R |
|---|---|---|---|---|
| | | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | |
| 1.1.1 | | | | 50 000 |
| 1.1.2 | | | | 90 000 |
| 1.1.3 | | | | 20 000 |
| 1.1.4 | | | | 600 |
| 1.1.5 | | | | 44 560 |
| 1.1.6 | | | | 72 000 |

**36**

**1.2**

| NR. | ALGEMENE GROOTBOEK | | BEDRAG R | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | | | | |
| 1.2.1 | Korting toegestaan | Debiteurekontrole | 20 | | | |
| 1.2.2 | Handelsvoorraad | Krediteurekontrole | 6 200 | | | |
| 1.2.3 | Toerusting | Ledebydrae | 27 000 | | | |
| 1.2.4 | Salaris aan lid | Bank | 10 000 | | | |
| 1.2.5 | Krediteurekontrole | Bank | 4 000 | | | |

**10**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **46** |

## VRAAG 2

2.1

| CABANGA WINKELS<br>KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VIR JUNIE 2006 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| DOK | DAG | BESONDERHEDE | BANK | DIVERSE-REKENINGE | BESONDERHEDE VAN DIE DIVERSE REKENINGE |
| | 30 | Totale a/b | 34 685 | 34 685 | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| |
|---|
| |
| 13 |

2.1

| CABANGA WINKELS<br>KONTANTBETALINGSJOERNAAL VIR JUNIE 2006 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| DOK | DAG | BESONDERHEDE | BANK | DIVERSE-REKENINGE | BESONDERHEDE VAN DIE DIVERSE REKENINGE |
| | 30 | Totale a/b | 28 760 | 28 760 | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| |
|---|
| |
| 13 |

**2.2**

| BANKVERSOENINGSTAAT OP 30 JUNIE 2006 | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| **14** |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **40** |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3

3.1

| Dt. | ALGEMENE GROOTBOEK VAN HI-VOLTAGE ATLETIEKKLUB | | | | | | Kt. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Ledegeldrekening | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 19 |

3.2

| | | | Sweetpakkerekening | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 14 |

**3.3**

| REDES WAAROM BAIE LEDE NIE DAARVAN HOU OM SWEETPAKKE BY DIE KLUB TE KOOP NIE | |
|---|---|
| 1. | |
| | |
| 2. | |
| | |
| 3. | |
| | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **39** |

## VRAAG 4

**4.1**

| WORLDNET REKENAARS<br>DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VIR DIE TYDPERK:<br>1 OKTOBER 2006 – 30 NOVEMBER 2006 | | | |
|---|---|---|---|
| | **KREDIET-VERKOPE** | **OKTOBER** | **NOVEMBER** |
| Augustus | **123 500** | | |
| September | **125 000** | | |
| Oktober | | | |
| November | | | |
| | | | |

| |
|---|
| |
| **14** |

4.2

| WORLDNET REKENAARS<br>KONTANTBEGROTING VIR DIE TYDPERK: 1 OKTOBER 2006 – 30 NOVEMBER 2006 | | |
|---|---|---|
| **ONTVANGSTES** | **OKTOBER** | **NOVEMBER** |
| Kontantverkope | | |
| Kontant van debiteure | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **BETALINGS** | | |
| Kontantaankope | | |
| Betalings aan krediteure | | **151 200** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Kontantsurplus (tekort) | | |
| Bank (beginsaldo) | | |
| Bank (eindsaldo) | | |

| |
|---|
| |
| **28** |

4.3

| TWEE OPSIES HOE OM DIE FONDSE DIE BESTE TE BENUT | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **48** |

## VRAAG 5

**5.1**

| THUTHUKANI BEPERK<br>INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2006 | | |
|---|---|---|
| Verkope | | |
| Koste van verkope | | |
| **Bruto wins** | | |
| Ander bedryfsinkomste | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Bedryfsuitgawes** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Bedryfswins** | | |
| Rente-inkomste | | |
| Wins voor rente-uitgawe | | |
| Rente-uitgawe | | |
| | | |
| | | |
| **Netto wins vir die jaar** | | |

| |
|---|
| |
| **46** |

**5.2**

| **THUTHUKANI BEPERK**<br>**NOTA TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2006** | |
|---|---|
| **Behoue inkomste** | |
| Saldo op die laaste dag van die vorige jaar | |
| Netto wins na belasting vir die jaar | |
| Gewone dividende | |
| Betaal | |
| Aanbeveel | |
| Saldo op die laaste dag van die huidige jaar | |

| |
|---|
| |
| 7 |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **53** |

## VRAAG 6

**6.1**

| KINGS HANDELAARS<br>BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2006 | | | |
|---|---|---|---|
| **BATES** | NOTAS | R | R |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Vaste bates | | | |
| Finansiële bates – Vaste deposito | | | |
| | | | |
| | | | |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad | | | |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | | | |
| Kontant en kontantekwivalente | | | |
| | | | |
| **TOTALE BATES** | | | |
| | | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Eienaarsbelang** | | | |
| Kapitaal | | | |
| Privaatrekeninge | | | |
| | | | |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | | | |
| | | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | | | |

| |
|---|
| |
| **25** |

**6.2**

**KINGS HANDELAARS**
**NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2006**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | **Vaste bates** | | |
| | | Voertuie | Toerusting |
| | | | |
| | Kosprys aan begin van die jaar | | |
| | Opgehoopte waardevermindering | | |
| | | | |
| | **Bewegings** | | |
| | Verkrygings | | |
| | Bateverkope | | |
| | Waardevermindering | | |
| | | | |
| | Kosprys aan einde van die jaar | | |
| | Opgehoopte waardevermindering | | |
| | | | |

**(Totaal-kolom word nie verlang nie.)**

| |
|---|
| |
| **20** |

| | | |
|---|---|---|
| **2.** | **Handels- en ander ontvangbare bedrae (debiteure)** | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| **10** |

| 3. | Kontant en kontantekwivalente | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| 7 |

| 4. | Privaatrekeninge | | |
|---|---|---|---|
| | | R. WILKINS | D. WATKINS |
| | | | |
| | | | |
| | Salarisse | | |
| | Rente op kapitaal | | |
| | Primêre verdeling van wins | | |
| | Verdeling van oorblywende wins | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

**(Totaal-kolom word nie verlang nie.)**

| |
|---|
| |
| 12 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 74 |

Kopiereg voorbehou